

## Amos 3

1 Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gesprek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: 2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.

3 Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? 4 Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek laat hoor as hy niks gevang het nie? 5 Sal 'n voël in 'n net val op die grond as daar vir hom geen strik gestel is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring as dit glad nie gevang het nie? 6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? 7 Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. 8 Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?

9 Roep dit uit oor die paleise van Asdod en oor die paleise van Egipteland en sê: Versamel julle op die berge van Samaría, en aanskou die groot beroering in die midde van die stad en die verdrukking daarbinne. 10 Ja, hulle weet nie om reg te doen nie, spreek die HERE – hulle wat geweld en verdrukking opstapel in hulle paleise. 11 Daarom, so sê die Here HERE: 'n Vyand! En dit rondom die land; en hy sal jou vesting van jou af neerwerp, en jou paleise sal geplunder word. 12 So sê die HERE: Soos 'n herder 'n paar pote of 'n oorlappie red uit die bek van 'n leeu, net so sal gered word die kinders van Israel wat daar in Samaría in die hoek van 'n bed of op die damás van 'n rusbank sit. 13 Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek die Here HERE, die God van die leërskaer, 14 dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val. 15 Dan sal Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn, spreek die HERE.

### 'n Samestelling van Amos 3

- 1:3-6:14      *Profesieë*
- 1:3-2:16      *Profesieë teen die nasies*
- 3:1-6:14      *Profesieë teen Israel*

- 3:1-15      Eerste strafrede oor sondes teen God en mense  
3:1-8      Verantwoording  
3:9-15     Oordeel oor Samaria

### **Amos 3:1-15 – Eerste strafrede oor sondes teen God en mense**

#### **Amos 3:1-8 – Verantwoording**

**1 Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gesprek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: 2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.**

**3 Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? 4 Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek laat hoor as hy niks gevang het nie? 5 Sal 'n voël in 'n net val op die grond as daar vir hom geen strik gestel is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring as dit glad nie gevang het nie? 6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? 7 Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. 8 Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gesprek, wie sal nie profeteer nie?**

Amos 2 het afgesluit met die oordeelaankondiging oor Israel. Van Amos 3 af kondig Amos vyf strafredes oor Israel aan waarin die Here in meer detail sê waarom Hy Israel oordeel. Oproepe tot bekering en verduidelikings hoe om van die oordeel vry te kom, kom regdeur die profesieë voor. Die eerste drie strafredes begin elke keer met die woord *hoor* (Amos 3:1; 4:1; 5:1). Die laaste twee strafredes begin met die woord *wee* (Amos 5:18; 6:1). Die eerste strafrede is 'n verduideliking, die tweede 'n beskuldiging en die derde 'n klaaglied.

In die eerste strafrede verduidelik die Here dat Hy Israel gaan straf omdat hulle mense verdruk het ondanks die groot voorreg wat hulle het om die uitverkore volk van God te wees. Die eerste twee verse in Amos 3 is tot Juda en Israel gerig, aangesien hulle saam die verbondsvolk van die Here is. Maar die res van die profesieë is net tot Israel gerig. Hierdie eerste twee verse dien ook as 'n inleiding tot al die profesieë tot aan die einde van Amos 6.

### **Amos 3:1-2 – Israel se unieke verhouding met die Here**

**1** Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: **2** Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.

Die Here roep die hele verbondsvolk om na Hom te luister wanneer Hy verduidelik waarom dit nodig is dat Hy Israel moet oordeel. Hy spreek hulle aan as **kinders van Israel en die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het**. Die verlossing uit Egipte is die Here se werk alleen. Moses was slegs die instrument in die hand van die Here om die volk uit Egipte uit te lei na die beloofde land toe. In Amos 2:9-10 het die Here reeds vir Israel herinner aan die verbondstrou wat Hy aan hulle geopenbaar het. Dit is dus die tweede verwysing na die Here se verbondstrou in hierdie verse.

Maar die Here gaan nog dieper in hierdie verhouding van Hom met Israel in. Hy sê vir hulle: **Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde**. Die woorde *julle alleen* word in vers 2 beklemtoon. In Hebreeus verskyn die werkwoord normaalweg heel eerste in die sin. In hierdie sin is dit juis die woorde *julle alleen* wat eerste verskyn. Hierdie eerste deel van vers 2 is 'n verwysing na die bevestiging van die verbond op die berg Sinai (Eks 19:3-6; Deut 28:1-14).

Tussen al die **geslagte van die aarde** of volke van die aarde het die Here Israel – Israel en Juda saam – alleen **geken**. **Geken** het hier nie maar net 'n verstandelike betekenis nie, maar die betekenis dat God Israel uitverkies het (vgl. Jer 1:5). Israel is die besondere volk van die Here. Hy het hulle intiem lief. Daar is geen ander volk op die aarde met wie die Here so 'n intieme verhouding van liefde het nie.

Omdat Israel hierdie besondere groot voorreg van die Here ontvang het, **sal** Hy **by** hulle **besoeking doen oor al** hulle **ongeregtighede**. Die groot voorreg wat Israel ontvang het deurdat die Here hulle uitverkies het en besonders liefhet, gee nie aan hulle die vryheid om die tug en oordeel van die Here vry te spring nie. Hierdie groot voorreg bring eerder groter verantwoordelikhede mee.

Wanneer die Here jou in die intieme verhouding met Hom inbring – 'n verhouding

waarop geen mens 'n reg het nie – veronderstel dit dat daar ook 'n totale en radikale vernuwing binne in die mens sal wees. Hy sal heeltemal anders begin lewe as wat hy vroeër gelewe het en as wat die wêreld rondom hom lewe. Daarom het Israel so 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van hulle verhouding met die Here wat betref hulle lewe in hierdie wêreld.

Hierdie eerste strafrede begin die Here met die belofte dat Hy hulle oortredinge sal besoek en Hy sluit die strafrede met 'n soortgelyke belofte af in vers 14 - **as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, sal Ek ook besoeking doen oor die altare van Bet-el.**

***Amos 3:3-8 – Die oordeel van die Here oor Israel moet kom – dit is onafwendbaar***

**3 Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? 4 Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek laat hoor as hy niks gevang het nie? 5 Sal 'n voël in 'n net val op die grond as daar vir hom geen strik gestel is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring as dit glad nie gevang het nie? 6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? 7 Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. 8 Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?**

In Amos 3:3-6 word daar sewe retoriese vrae gevra, sodat Israel self kan agterkom dat die Here se oordeel oor hulle eintlik onafwendbaar is. Die eerste vyf vrae in verse 3 tot 5 veronderstel elke keer 'n negatiewe antwoord. Die twee vrae in vers 6 veronderstel 'n positiewe antwoord. Deur middel van hierdie sewe vrae wys die Here sy volk daarop dat elke ding wat gebeur of gedoen word noodwendig 'n sekere gevolg het. In verse 7 en 8 gee die Here dan die gevolgtrekking.

**Twee mense wandel met mekaar saam** omdat hulle dit so met mekaar **afgespreek het**. Indien hulle nie met mekaar dit afgespreek het nie, sou hulle nie saam gewandel het nie. Die Here God en Israel het met mekaar afgespreek om saam te wandel. Die Here het hulle immers uit Egipteland gaan haal omdat Hy hulle na sy bestemming vir hulle as volk wil lei. By die berg Sinai het die volk self gesê dat hulle met die Here

saam wil wandel toe hulle gesê het dat hulle alles sal doen wat die Here gesê het (Eks 19:8). Maar hierdie saam wandel met die Here kan egter net voortgaan indien die volk dit doen soos wat die Here hulle beveel.

'n **Leeu** sal nie **in die woud brul** as hy nie reeds sy **prooi** gevang het nie. Net so sal 'n **jong leeu** ook nie **sy stem** laat hoor **as hy** iets **gevang het nie**. As 'n leeu homself laat hoor voordat hy sy prooi het, sal die prooi skrik en weghardloop. Maar wanneer hy sy prooi gevang het, laat hy sy stem bulder, sodat niks en niemand naby hom kan kom nie. Hy beskerm dan sy vangs teen aasdiere. Die Here brul soos 'n leeu uit Sion (Amos 1:2) en Hy doen dit nie sommer maar net nie. Daar is 'n baie goeie rede waarom Hy so hard sy stem laat hoor in Israel.

'n **Voël** sal nie sommer maar net **op die grond val** nie. Daar is 'n **strik vir hom gestel**, daarom val hy op die grond. 'n **Wip** sal nie toeklap op die **grond** as daar nie 'n dier in getrap het nie. Israel moet tot die besef kom dat die Here sy stem vir 'n rede laat hoor. Hy praat nie sommer maar net vir die lekker nie.

As die bevolking van 'n stad onbewus is van die gevaar wat op pad is, sal hulle houtgerus met hulle daaglikse lewe aangaan. Hulle sal nie skrik nie. Maar as **die basuin in die stad geblaas word** oor die komende gevaar dan **sal die bevolking in die stad skrik**. 'n **Stad** sal net deur **onheil** getref word **as die Here dit bewerk het**.

Die ses voorafgaande vrae lei in die sewende vraag in. Die intensiteit neem met elke vraag toe. Dit begin heel onskuldig en beweeg oor na waar 'n dier deur 'n leeu oorweldig is. Dan kom dit uit by waar 'n dier oorweldig is deur iets wat 'n mens gedoen het. Uiteindelik loop dit uit op mense wat oorweldig word in die stad. En dan volg die eintlike oorsaak van die oorweldiging van die mense in die stad. Die Here bewerk die onheil wat die stad tref. Israel word voor die tyd aangesê om in te sien dat die oordeel wat die Here oor hulle gaan bring nie maar net die sameloop van slegte omstandighede is nie. Dit is inderwaarheid die Here self wat hulle deur middel van wat ook al Hy wil gebruik, oordeel. Die Here maak met hierdie woorde Israel se oë vroegtydig oop om sy hand in die oordeel raak te sien, sodat hulle hulleself tot Hom kan bekeer.

In aansluiting by die vrae waarin Israel duidelik kon agterkom dat elke oorsaak 'n gevolg het, maak die Here hierdie gevolgtrekking: **Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.**

In die konteks van hierdie hoofstuk en boek – die Here sal nie die oordeel oor Israel voltrek nie voordat Hy nie sy raadsbesluit deur 'n profeet aan die volk bekend maak het nie. Wanneer dit kom die handhawing van sy verbond en sy reg in verband met die verbond, maak die Here eers sy raadsbesluit aan die volk bekend (vgl. Ps 25:14; Jer 23:18, 22).

Die Here maak egter nie al sy raadsbesluite aan die mens bekend voordat Hy dit uitvoer nie. In Efesiërs 3 hoor ons immers dat die geheimenis aangaande die kerk as die nuwe volk van die Here nooit in die geskiedenis aan die profete bekendgemaak is nie. Die Here maak egter sy oordele aan die volk bekend voordat Hy dit uitvoer, sodat die volk hulle kan bekeer tot die Here.

In vers 8 word die finale gevolgtrekking gemaak wat vers 3 tot 6 en 7 heg aan mekaar verbind. Wanneer **die leeu brul**, is dit onvermydelik dat die mense **sal vrees**. Die brul van 'n leeu het noodwendig vrees tot gevolg by die mens. Dat Amos profeteer, is nie iets wat somer maar net gebeur nie. Die Here het gespreek, daarom kan Amos nie anders nie as om te profeteer wat die Here gesê het. En wat Amos profeteer is die bekendmaking van die Here se raadsbesluit voordat Hy dit tot uitvoer oor Israel bring.

Vers 8 vorm dan ook die inleiding tot die res van die profesieë tot by Amos 6:14.

### ***Amos 3:9-15 – Oordeel oor Samaria***

**9** Roep dit uit oor die paleise van Asdod en oor die paleise van Egipteland en sê: **Versamel julle op die berge van Samaria, en aanskou die groot beroering in die midde van die stad en die verdrukking daarbinne.** **10** Ja, hulle weet nie om reg te doen nie, spreek die HERE – hulle wat geweld en verdrukking opstapel in hulle paleise. **11** Daarom, so sê die Here HERE: 'n Vyand! En dit rondom die land; en hy sal jou vesting van jou af neerwerp, en jou paleise sal geplunder word. **12** So sê die HERE: Soos 'n herder 'n paar pote of 'n oorlappie red uit die

bek van 'n leeu, net so sal gered word die kinders van Israel wat daar in Samaría in die hoek van 'n bed of op die damás van 'n rusbank sit. 13 Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek die Here HERE, die God van die leërskaer, 14 dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val. 15 Dan sal Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn, spreek die HERE.

***Amos 3:9-10 – Die ongekende verdrukking onder die Israeliete***

9 Roep dit uit oor die paleise van Asdod en oor die paleise van Egipteland en sê: Versamel julle op die berge van Samaría, en aanskou die groot beroering in die midde van die stad en die verdrukking daarbinne. 10 Ja, hulle weet nie om reg te doen nie, spreek die HERE – hulle wat geweld en verdrukking opstapel in hulle paleise.

Kragtens die voorskrifte van die Here moet ten minste twee onafhanklike getuies die waarheid van 'n aanklag in 'n regsgeding bevestig voordat daar 'n skuldig bevinding kan kom (Deut 17:6). Die Here sê sy profeet aan om die vooraanstaandes van Asdod en Egipte te roep na die berge van Samaria om te sien wat binne in die stad gebeur.

**Paleise van Asdod en paleise van Egipteland** verwys nie noodwendig net na die konings en regeringsamptenare van die twee plekke nie. Die woord wat ons vertaal met *paleise* kan enige versterkte gebou wees wat hoër as 'n huis is (vgl. Ps 48:4; Jes 34:13; Jer 9:21). Sulke versterkte geboue en wonings het gewoonlik deel uitgemaak van die paleise of was aan die paleise gebou (1 Kon 16:18; 2 Kon 15:25).

Die Filistyne (die inwoners van Asdod) en die Egiptenaars moet **op die berge van Samaria versamel**. Hulle moet vanaf 'n goeie uitkykpunt die hoofstad van Israel aanskou. Binne in die stad sal hulle **die groot beroering en die verdrukking** sien. Die groot beroering en die verdrukking verwys na die onreg wat die vooraanstaande en welgestelde inwoners van Samaria die regverdige en ellendige binne in die stad aandoen (Amos 2:6-8).

Dat die Here hierdie twee heidense volke as getuies roep oor die onreg wat in Samaria plaasvind, laat 'n mens dink dat die onreg in Samaria selfs erger is as wat onder die heidene gebeur. Deur die geskiedenis was die Filistyne en die Egiptenaars bekend vir hulle verdrukking van mense rondom hulle – veral van Israel. Daar sal selfs by die heidene geen twyfel wees dat die oordeel oor Samaria regverdig is nie.

Die onreg wat die Israëliete mekaar aandoen het al so erg geword dat **hulle nie weet om reg te doen nie**. Israel het hulle sin vir reg en billikheid totaal verloor omdat al wat 'n regsak is verkrag word. Net soos die heidense volke het Israel ook **geweld en verdrukking opgestapel**. Maar waar die heidene geweld en verdrukking toegepas het op ander volke, is Israel besig om dit aan hulleself binne in hulle eie stad te doen teenoor die swakkes en ellendiges. Deur hulle onreg is Israel besig om hulleself van binne af op te vreet soos kanker.

***Amos 3:11-15 – Die oordeel wat die Here oor Israel bring***

**11** Daarom, so sê die Here HERE: 'n Vyand! En dit rondom die land; en hy sal jou vesting van jou af neerwerp, en jou paleise sal geplunder word. **12** So sê die HERE: Soos 'n herder 'n paar pote of 'n oorlappie red uit die bek van 'n leeu, net so sal gered word die kinders van Israel wat daar in Samaria in die hoek van 'n bed of op die damás van 'n rusbank sit. **13** Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek die Here HERE, die God van die leërskaare, **14** dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val. **15** Dan sal Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn, spreek die HERE.

Die oordeel wat Israel gaan tref, word in drie fases aangekondig – vers 11, vers 12 en vers 13-15. Elkeen van hierdie drie fases word begin met die HERE wat spreek teen sy volk.

**Daarom** – omdat Israel voortgaan met hulle onreg teenoor mekaar en hulle nie tot die Here wil bekeer nie, sê die Here wat Hy nou oor hulle gaan beskik. Hy beskik 'n vyand van **rondom die land** of van buite die land. Hierdie eerste deel van die vers kan ook verstaan word as die vyand wat die land omsingel of omring. Hierdie vyand sal die



**vesting** van Israel **neerwerp** – die muur rondom Samaria sal afgebreek word. Dan sal die vyand Israel se **paleise plunder**. Alles wat hulle deur hulle onreg verkry het, sal deur die vyand wat die Here beskik van hulle af weggeneem word. Hulle sal met niks oorbly nie.

Hierdie profesie het die Here skaars dertig jaar na die uitspraak daarvan vervul. Hy het die Assiriërs beskik wat Samaria in 722vC tot 'n val gebring het en die bevolking of gedood of in ballingskap weggevoer het.

Midde in die oordeel verkondig die Here ook genade. **Soos 'n herder 'n paar pote of 'n oorlappie red uit die bek van 'n leeu, net so sal gered word die kinders van Israel wat daar in Samaria in die hoek van 'n bed of op die damás van 'n rusbank sit.** Die oorwinning van die vyand – die Assiriërs – oor Israel sal so totaal wees dat net enkele stukkies van die volk sal oorbly – **'n paar pote of 'n oorlappie.**

Hierdie beeld kom uit die voorskrif wat die Here in Eksodus 22:10-13 gee. Wanneer iemand die diere van iemand anders oppas en dit gebeur dat 'n wilde dier die skaap verskeur, moet die oppasser 'n oorblyfsel van die dier aan die eienaar voorsien as bewys dat die dier nie gesteel is nie. Die Here wat die oordeel deur die Assiriërs oor Israel beskik, sal self sorg dat 'n oorblyfsel van die volk behoue bly.

Vers 12 kan ook verstaan word as 'n uitdrukking van die groot paniek as gevolg van die oorweldiging deur die vyand. Die Israeliete sal so oorweldig word deur die Assiriërs dat hulle maar net 'n paar stukkies van hulle besittings – **die hoek van 'n bed of die damás** (deken) **van 'n rusbank** – behoue sal bly. Die Assiriërs sal al hulle weelde en rykdom van hulle plunder.

Die Here sê vir sy profeet dringend – **hoor en waarsku die huis van Jakob.** Dit is die Here van die verbond wat so tot die profeet spreek. En die Here is tegelyk ook die almagtige soewereine God wat sy leër – in hierdie geval die Assiriërs – beskik om sy besluit uit te voer.

Dit is die eerste keer dat die Here die naam **Jakob** in hierdie profesieë gebruik. In die konteks verwys Jakob nie net na die stamvader van die volk nie maar eerder na die

bedrieglike geaardheid van die volk. Die volk tree net soos hulle voorvader bedrieglik op teenoor die Here.

**In die dag** waarop die Here **die oortredinge van Israel aan hom besoek** – dit is die dag waarop die Here die oordeel oor Israel bring oor die oortredinge wat nou al genoem is. Op dieselfde dag sal die Here **ook besoeking doen oor die altare van Bet-el**. Hierdie altare verwys na die altare wat Jerobeam die seun van Nebat – ook bekend as Jerobeam I – in Bet-el opgerig het (1 Kon 12:26-30).

Jerobeam I het altare in Bet-el en in Dan opgerig om die plek in te neem van die altaar in Jerusalem. Die altaar in Bet-el was die bekendste en is meer gereeld besoek. Dit is op hierdie altare waarop die Israëliete vir afgode geoffer het.

Die doel van die Here se oordeel oor die altare van Bet-el is **sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val**. Die horings van die altaar (vgl. Eks 27:2; 29:12; 30:2; 37:25) is die heiligste deel van die altaar waaraan die offerbloed gesmeer is om versoening te doen (Eks 30:10; Lev 4:7; 9:9). As die horings dan afgekap is, beteken dit dat daar nie meer versoening moontlik is nie. Verder het die horings van die altaar ook gedien as 'n soort van asiel. Indien 'n vlugteling aan die horings van die altaar vasgryp, het hy die versekering gehad van die beskerming van die godheid (Eks 21:12-14; 1 Kon 1:50; 2:28).

Wanneer die horings van die altaar dan afgekap is, beteken dit dat daar nie meer versoening moontlik is nie en daar is ook nie meer beskerming teen die toorn van die Here nie. Israel se eie god kan hulle nie teen die almagtige Verbondsgod beskerm nie.

Die oordeel van die Here sal van Israel se aanbiddingsplekke verder gaan tot hulle private besit – **die winterhuis saam met die somerhuis** (vgl. Jer 36:22; 1 Kon 21:1). Sommige van die Israëliete het in soveel weelde geleef dat hulle selfs twee huise gehad het. Hierdie huise het getuig van die oorvloedige rykdom – **huise van ivoor** (Amos 6:4; 1 Kon 22:39; Ps 45:9) – van die vooraanstaande burgers terwyl hulle die arm burgers van die land verdruk en verkul het. In die dae van Jerobeam die seun van Joas het Israel besondere welvaart beleef. Die Here sal egter al hierdie besittings

ten gronde laat gaan.